



TRY

Stal Bybelse

stukke uit

Mnr. Herman Wald (regs) het ingewillig om van sy beeldhoustukke in die voorportaal van die His Majesty-teater uit te stal wanneer die première van „The Agony and the Ecstasy” Woensdag daar plaasvind. Die beeldhoustukke wat hy sal uitsnal, is almal Bybelse stukke. Die beeld waaraan mnr. Wald hier werk, is „Moses” en sal ook te sien wees. Mev. Alma Flynn sal saam met mev. Anne Richards die voorportaal van die teater versier ter geleentheid van die eerste vertoning van dié rolprent. Die opbrengs van die première sal ten behoeve van die Transvaalse Kreupelsorgvereniging gaan. Daar is nog kaartjies by mej. A. Oberholzer (41-8331) beskikbaar.